

1.1 Pinksterdag: Die dissipels volhard in die gebed

Die gewyde geskiedenis gaan nou voort met die lewe en werk van die apostels. **Hulle vorm die skakel tussen Christus en sy gemeente, en die oorgang van Israel tot wêreldkerk.**

- Om hulle voor te berei vir hierdie werk het Jesus na sy opstanding nog 40 dae by hulle op die aarde gebly, en hulle moes nou toegerus word met die Heilige Gees.
- Nadat hulle teruggegaan het na Jerusalem het hulle daar volhard in die gebed. Hulle was daar bymekaar in 'n bovertrek. Saam met die elf apostels was daar 'n aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus, en sy broers.
- Daar was omtrent 120 mense bymekaar, en hulle het tien dae lank so bymekaargekom. Hulle het volgehou met gebed om die Heilige Gees te ontvang.

1.2 Die Joodse feesdae

Dit was nou ongeveer die tyd van die Joodse Pinksterfees. Die Jode het twee groepe jaarlikse feeste gehad.

- Tot die eerste groep het die Pasga behoort, met onmiddellik daarna die fees van die ongesuurde brode. Hierdie twee is gesamentlik die Paasfees genoem. Sewe weke na die Paasfees is die Pinksterfees gehou.
- Tot die tweede groep het die Huttefees behoort wat voorafgegaan is deur die Groot Versoendag.

Die Paasfees het sewe dae lank geduur. Op die eerste dag is die paaslam geslag, en op elkeen van die sewe dae moes daar offers gebring word.

Die Pinksterfees is ook genoem fees van die weke, of fees van die oes, en dit is sewe weke ná die begin van die graanoes gevier.

- Omdat die oes gewoonlik saamgeval het met die Paasfees, is die Pinksterfees sewe weke ná die begin van die Paasfees gevier. In Levitikus 12:16 word bepaal dat die Pinksterfees gevier moet word op die dag na die sewende Sabbat ná die Paasfees begin het, dit is op die vyftigste dag.
- Hierom het dit die naam Pinksterfees gekry. Die Griekse woord vir "vyftig" is "pentakosta", en dit het in Afrikaans "Pinkster" geword. Hierdie fees het slegs een dag geduur, en die sentrale plek op die fees is ingeneem deur twee brode wat gebak is van die pas geoeste graan. Hierdie brode is ook brode van die eerstelinge genoem.

1.3 Die uitstorting van die Heilige Gees

Op hierdie Joodse Pinksterfees is die Heilige Gees uitgestort. Dit was nie sonder betekenis nie.

- Soos die Pinksterfees die voltooiing was van die Paasfees, so was die uitstorting van die Heilige Gees die voltooiing van die heilswerk van Christus. Dit vorm die bekroning van Christus se werk.
- Die dissipels van Christus was op hierdie dag bymekaar in 'n vertrek in Jerusalem. Skielik het daar uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige stormwind gekom en dit het die hele vertrek gevul.
- Daar het iets gebeur wat hulle nie kon waarneem nie, maar uit die wondertekens wat daarmee saamgegaan het, kon hulle agterkom wat gebeur.
- Daar was hoorbare en sigbare tekens.
 - Die geluid van die stormwind sien op die kragtige koms van die Heilige Gees.
 - Die werking van die Heilige Gees word meermale vergelyk met die wind.
 - Soos 'n mens magteloos is teen die wind, so kan hy hom ook nie teen die werking van die Heilige Gees versit nie.
 - Daar was ook sigbare tekens – iets soos vuur wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle

- gekom het. Die vuurtong sien op die verliggende werking van die Heilige Gees en op sy louterende krag.
- Die Heilige Gees is 'n vuur wat die dissipels aandryf tot verkondiging van die Evangelie en tot grootmaking van die Naam van die Here.
 - Hierdie tonge het op elkeen van hulle gekom. So gee God die gawe van sy Gees aan elke kind van Hom.
 - Daarna lees ons dat die dissipels almal vervul was met die Heilige Gees.
 - So maak God woning in die harte van sy volk. Die Heilige Gees het nou in die gemeente gaan woon.

1.4 Die taalwonder

Die dissipels het nou in ander tale begin praat. Al die tale was bekende tale van daardie tyd. Die mense wat die tale magtig was, was almal daar teenwoordig.

- Hulle het die verborge gedagtes van God in al die tale uitgespreek soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om te doen.
- Dit was 'n wonder wat plaasgevind het, en daar het 'n groot skare mense saamgedrom. Daar was Perse, Mediërs en Elamiete. Daar was inwoners van Mesopotamië, Judea, Kappadosië, Pontus en Asië. Daar was mense uit Frigië, Pamfilië en streke van Libië, Jode en mense wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere.
- **Hulle het almal in hulle eie tale gehoor** hoe hierdie Galileërs die groot dinge wat God gedoen het, verkondig. Elkeen kon die Evangelieboodskap in sy eie taal verstaan. Hierdie taalwonder toon dat die verskil in taal geen beletsel is vir die koms van God se koninkryk nie. Dit wys ook op die sendingroeping van die kerk om God se Woord in alle tale te verkondig.

Die uitstorting van die Heilige Gees moet saam met die verwarring van taal by die toring van Babel verstaan word (Gen. 11).

- Tot op daardie stadium het die aarde se mense een taal gehad. Hulle het teen God in verset gekom en God het ingegryp om hulle tot gehoorsaamheid te dwing.
- Daarom het God 'n veelheid van tale laat ontstaan. Omdat die mense mekaar nie kon verstaan nie, het hulle uitmekaargetrek en elk in 'n eie gebied gaan vestig. Daaruit het verskillende volke gegroei.
- **NB: Die volkereverskeidenheid en taleverskeidenheid is dus 'n blywende herinnering daaraan dat ons (voorouers) teen God in opstand was, en dat Hy hulle tot gehoorsaamheid gedwing het.**
- Tydens die uitstorting van die Heilige Gees is die versplintering van die mensdom wat by Babel ontstaan het, opgehef in die sin dat die Here aan alle volke en tale verlossing in Jesus Christus verkondig. Dié wat glo uit al hierdie volke en tale word tot een eenheid saamgebind in die Nuwe-Testamentiese kerk – die uitverkorenes van God.

1.5 Petrus se toespraak

Petrus het toe 'n toespraak gehou waarin hy die beskuldiging dat hulle dronk is, weêrlê het.

- Hy het daarop gewys dat hierdie wonder die vervulling van die profesie van Joël is (Joël 2:28-30).
- Hy het ook aangetoon dat die uitstorting van die Heilige Gees die werk van die verhoogde Christus is. Christus het opgevaar om vanuit die hemel die Heilige Gees uit te stort.
- Hoewel die Jode Christus uitgelewer het om gekruisig te word, was hulle hierin instrumente om God se raad uit te voer (Hand. 2:23).

Dit is treffend in die toespraak van Petrus dat Christus so op die voorgrond tree. Hierdie preek van Petrus het 'n ryk oes opgelewer.

- Die eerstelinge van die hemelse oes is op hierdie oesfees ingesamel. Die mense wat dit gehoor het,

was diep getref en het gevra: “Wat moet ons doen?”

- Petrus se antwoord was dat almal hulle moes bekeer en hulle laat doop in die Naam van Jesus Christus. Dan sou God hulle sondes vergewe en sou hulle die Heilige Gees ontvang. Omtrent 3 000 mense is op daardie dag gedoop.

2. Groei en vervolging van die gemeente

2.1 Verkiesing van die sewe diakens

Die gemeente van Jerusalem het so uitgebrei dat die apostels nie meer alles kon behartig nie. Daar het toe klagtes onder die Griekssprekende Jode ontstaan dat hulle weduwees afgeskeep word in die daaglikse versorging.

- Die apostels het die gemeente toe daarop gewys dat hulle nie reg kon laat geskied aan die verkondiging van die Woord van die Here as hulle ook nog die versorging moes waarneem nie.
- Hulle het die gemeente gevra om sewe manne te soek wat vol is van die Heilige Gees, en wat wysheid het, sodat hulle vir die taak aangestel kon word.
- Dit is die instelling van die diakenamp. Die volgende sewe diakens is toe gekies: **Stefanus, Filippus, Progorus, Nikanor, Timon, Parmenas** en **Nikolaus**.
- Hulle is in hulle diens bevestig deur gebed en handoplegging. Stefanus en Filippus was ook kragtige predikers van die Evangelie.

2.2 Stefanus se marteldood

Stefanus het baie genade van God ontvang, en hy het wonders en tekens gedoen. Sy optrede het die vyandskap van veral uitlandse Jode gewek.

- Hulle het met hom geredeneer maar was nie opgewasse teen die wysheid waarmee hy gepraat het nie.
- Toe koop hulle mense om wat sê dat hulle hom lasterlike dinge teen God en teen Moses hoor sê het. Hulle het hom voor die Joodse Raad gesleep en hom beskuldig dat hy die tempel en die Wet van Moses oorbodig ag.
- Stefanus se gesig het soos die gesig van ’n engel gelyk en hy het hom begin verantwoord teen die beskuldigings.
 - Hy het in sy betoog aangetoon dat hy nie die Ou-Testamentiese bediening verwerp nie, maar dat hulle dit doen.
 - Hy het verder daarop gewys dat die vroeëre openbarings van God slegs tydelik van aard was, en dat dit alles heengewys het na Christus.
 - Hulle voorvaders het die profete doodgemaak, en nou het die Jode self die regverdige Christus verraai en doodgemaak.
 - Hulle is heidens en doof vir die Woord van God, en hulle weerstaan die Heilige Gees.

Die Joodse Raad het van woede op hul tande gekners toe hulle dit hoor. Stefanus het na die hemel opgekyk en die heerlijkheid van God gesien. “Kyk, ek sien die hemel geopen,” het hy gesê, “en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan.”

- Toe storm hulle soos een man op hom af, sleep hom uit die stad en stenig hom.
 - Steniging was die gewone manier waarop die Jode die doodstraf voltrek het, en die straf op godslastering was volgens die bepalings van die Wet van Moses die dood.
 - Die getuies by Stefanus se steniging het hulle klere neergesit by ’n jongman met die naam Saulus.

Terwyl hulle hom stenig, het Stefanus geroep: “Here Jesus, ontvang my gees!” en toe hy op sy knieë neerval, het hy gebed: “Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!” So het hy gesterwe.

2.3 Die gemeente word vervolg

Die marteldood van Stefanus was die begin van 'n groot vervolging van die gemeente.

- Saulus, later bekend as Paulus, het aan die spits van hierdie vervolging gestaan.
 - Hy was 'n Jood uit die stam van Benjamin, en 'n lid van die party van die Fariseërs.
 - Hy is gebore in die Griekse stad Tarsus in Silisië. Toe hy nog jonk was, is hy na Jerusalem gebring waar hy 'n deeglike onderwys ontvang het van Gamaliël.
 - Hy het homself 'n kampvegter vir God genoem (Hand. 22:3). Volgens die Farisese leer het hy sy heil gesoek in wetsvolbringings, en daarom het hy die Christene gehaat en vervolg.
 - Jesus was vir hom 'n valse profeet, en hy het gemeen dat die gemeente van Christus mense was wat vyandig was teen God en teen Moses.
 - Uit ywer vir die Wet het hy dit as sy lewenstaak gesien om die gemeente van Christus uit te roei. Hy was oortuig dat hy dit moes doen (kyk Hand. 26:9). Hy het in Jerusalem begin en manne en vroue uit hulle huise gesleep en hulle in die tronk laat sit.
 - Hy het hulle ook in die sinagoges laat straf deur hulle te dwing om hulle geloof af te sweer (Hand. 26:11).
 - Die priesterhoofde het hom volmag en opdrag gegee om die Christene ook in ander stede, selfs buitelandse stede, te vervolg.

Paulus het taamlik sukses gehad in Jerusalem, en deur die vervolging is die gemeente verstrooi deur Judea en Samaria.

- Die Here het sy eie doel met hierdie vervolging gehad. Dit moes dien tot loutering en beproewing van die gemeente, maar God se koninkryk moes ook verder uitgebrei word.
- Waar die gemeente ook al tereggekome het, is die Evangelie verkondig. So is die bloed van die martelare die saad van die kerk.